OPTREDE DEUR

(ii) indien die IKRK verslae ook ten opsigte van sappeur Van der Mescht en ander persone wat deur SWAPO uit Suidwes-Afrika ontvoer word, sou opstel en beskikbaar stel,

dit moontlik simpatiek oorweeg sou kon word om die gevraagde verslae aan Sam Nujoma vry te stel.

MINISTER LE GRANGE
MINISTER R F BOTHA
GENL MALAN

(b) Op die lang termyn moet voorsiening gemaak word dat Suidwes-Afrikaanse gevangenes binne Suidwes-Afrika aangehou word. Die RSA kan nie voortdurend hul gevangenes aanhou nie. Die belanghebbende departemente moet hierop ingaan.

MINISTER LE GRANGE
MINISTER R F BOTHA
GENL MALAN

8. AGENDA-ITEM 7 : STEENKOOLUITVOERE DEUR MAPUTO-HAWE

Die dokument getiteld "SVR-riglyne vir uitvoer van steenkool deur Maputo-hawe" van 20 Augustus 1980 wat as Bylaag 1 met die agenda versprei is, word aan die orde gestel en bespreek.

Die Staatsveiligheidsraad besluit om die aanbevelings in beginsel goed te keur maar beslis met verwysing na paragraaf 6.1.1 dat die ooreenkoms wat aangegaan word, nie tussen regerings gesluit moet word nie en dat strategie ook nie in die ooreenkoms ingeskryf moet word nie.

DIE SEKRETARIS

9. AGENDA-ITEM 8 : HELDERHEID OOR DATUMS VAN TOEKOMSTIGE VERGADERINGS

Die Staatsveiligheidsraad besluit om sy program van vergaderings te wysig. Daar sal nie op 15 September, 23 September en 13 Oktober vergader word nie maar wel op Maandag, 22 September, en Donderdag, 9 Oktober, om 14h30 in Pretoria. Die geskeduleerde vergaderings van 27 Oktober, 10 November en 24 November bly onveranderd.

ALMAL

AGENDA-ITEM 9 : ALGEMEEN

(a) EERWAARDE SULLIVAN

Minister Schlebusch maak die uitreiking van 'n visum aan eerwaarde Sullivan aanhangig.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat eerwaarde Sullivan toegelaat mag word om sy huidige besoek te voltooi maar dat 'n visum nie weer aan hom uitgereik moet word nie.

MINISTER SCHLEBUSCH

(b) DEURVOER VAN WAPENTUIG NA BUURLANDE

Genl Malan meld dat vyf besendings wapentuig, vir buurlande bedoel, tans in die RSA is: vier vir Zimbabwe en een vir Botswana.

OPTREDE DEUR

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat die saak dringend deur die belanghebbende departemente ondersoek moet word en dat die wapentuig intussen deur Spoorweë teruggehou moet word. — MINISTER HEUNIS / DR LOUBSER / DIE SEKRETARIS

(c) ECONOSTAT

Minister R F Botha deel mee dat die uitgewers van 'n blad genaamd "Econostat" finansiële hulp van staatsweë versoek het op die verstandhouding dat propaganda vir die RSA in die buiteland gemaak sal word. Hy het egter bedenkinge oor die bona fides van sekere persone wat daarby betrokke is.

Die Staatsveiligheidsraad besluit om die saak agterweë te hou sodat eers verder daarop ingegaan kan word. — MINISTER R F BOTHA

(d) BESOEK AAN ZAMBIË : MNR HARRY SCHWARTZ LV

Minister R F Botha meld dat mnr Harry Schwartz hom mee=gedeel het dat hy deur 'n firma in Zambië genooi is om die land te besoek en 'n paar ander parlementariërs van verskillende partye saam te bring. Mnr Schwartz wil weet wat hy daarvan dink.

Die Staatsveiligheidsraad besluit dat mnr Schwartz mee=gedeel moet word dat dit nie nou die aangewese tyd vir 'n parlementêre besoek aan Zambië is nie. — MINISTER R F BOTHA

11. AGENDA-ITEM 10 : SA WEERMAG-OPTREDE AFGELOPE JAAR (VIDEO-BAND)

Die video-band word vertoon.

12. Die vergadering verdaag om 17h00.

13. Die volgende vergadering word op MAANDAG, 22 SEPTEMBER 1980, om 14h30 in die Kabinetskamer, Uniegebou, Pretoria, gehou.

GOEDGEKEUR

SEKRETARIS
10 September 1980

VOORSITTER
22 September 1980

OPSTELLER